K7 Klankbaan

Uitgawe 08 Augustus 2016

In Hierdie Uitgawe

- Briefie in die Pos
- *Radiothon 2016*
- *Uit Bemarking Kantoor*
- *Sosiale Media*
- *Wat lê nog voor?*
- *Wildsveiling*
- *Pitkos*
- *Kontak Ons*

Betroubaarheid

Betroubaarheid beteken dat mense op jou kan staatmaak. Jy sal daar wees wanneer daar van jou verwag word. Daar is vier kenmerke by ‘n betroubare mens: Hy staan by sy beginsels, is eerlik, kom beloftes na en is lojaal. Betroubaarheid in die werkplek beteken doodeenvoudig dat die regte ding op die regte tyd gedoen sal word. Dat mens nie valse beloftes sal aanhoor wat nie uitgevoer gaan word nie. Hoe dikwels hoor mens: “Ek bel jou terug,” maar daardie oproep word nooit gemaak nie? Of woorde soos: “Jou tjek is in die pos,” dan arriveer dit net eenvoudig nie?

As alle mense betroubaar in hul werk was, sou dit ‘n groot verskil aan die ekonomie van die land en die besigheid maak. As ‘n bestuurder kan WEET dat sy werknemer betroubaar is, sal dit die noodsaak van kontrole verminder en so meer energie vrymaak vir ander aktiwiteite. Betroubaarheid kan ook verder geneem word: Betroubaarheid in die huwelik bou vertroue en versterk respek. ‘n Mens verloor respek vir iemand wat nie opreg is in sy woord nie en op wie jy nie kan staatmaak nie. ‘n Onbetroubare ouer ontneem sy kinders van die voorreg om hom te respekteer en moet hulle nie kwalik neem vir ‘n swak verhouding tussen ouer en kind nie – hy het dit self geskep toe hy/sy kind se vertroue in hom geskend het.

Onthou: Vertroue is die basis van elke verhouding. Vertroue is gebaseer op die betroubaarheid van die persoon wat vertrou word. ‘n Betroubare persoon kom sy beloftes na. Dit kan klein dingetjies behels soos om by sy woord te hou, of belangriker sake,

soos om jou skuld te betaal, terug te gee wat jy geleen het. Betroubare persone is eerlik ook ten koste van homself en sy eie belang. Is eerlik en opreg in wat hy sê. Omdat waardes so ineengevleg is en met mekaar verband hou, is dit belangrik om na betroubaarheid se bedmaats te kyk: Integriteit, geloofwaardigheid, eerlikheid, standvastigheid, opregtheid en verantwoordelikheid is eienskappe wat die betroubare persoon met hom saamdra.

Ontbreek enige van hierdie eienskappe, kan daar nie werklik van betroubaarheid sprake wees nie. Die lewe is mos nou maar so dat ‘n mens die balk in ander se oë sien, maar die splinter in sy eie oog miskyk. Ek lees die pragtige verhaaltjie van ‘n pastoor wat langs ‘n rivier gaan stap het toe hy sien hoe van sy gemeentelede houtblokke uit die water sleep. Hy kon sien elke blok se punt is met die eienaar se naam gemerk en hy was oorbluf om te sien dat sy gemeentelede sae uithaal en die identiteit-merke afsaag.

Daardie Sondag lewer hy dus ‘n kragtige preek met die boodskap : Jy mag nie steel nie.” Tot sy verslaenheid, het die mense wat hy by die rivier sien steel het, hom agterna een vir een by die kerkdeur kom groet met hul komplimente : “Dit was ‘n goeie preek pastoor! Wat ‘n wonderlike boodskap!:” Die hele week het hy oor sy volgende skuif nagedink. Die volgende Sondag lewer hy toe presies dieselfde preek. Hy het net die laaste sin van sy boodskap verander. Die vorige week het hy gesê: “Die Bybel my vriende, is dus duidelik hieroor: Jy mag nie steel nie.” Hierdie keer het sy laaste sin gelui: “Die Bybel my vriende is dus duidelik: Jy mag nie die punt van jou buurman se houtblok afsaag sodat jy dit kan steel nie.” Hulle het hom verjaag uit die dorp. (Stories vir die Lewe, Die ongewilde preek).

> **“Betroubaarheid beteken dat mense op jou kan staatmaak”**

Voor ons dus betroubaarheid as ‘n goeie deug beskryf en glo dat ons dit het, moet ons ook nadink oor die volgende: Is ek betroubaar in my verhouding, of slaap ek in ontrouheid rond? Is ek betroubaar in my beloftes aan my kinders, of stel ek hul dikwels teleur omdat ek te besig is om my ondernemings na te kom? Is ek betroubaar in die nakoming van my beloftes aan ander mense, of stel ek dit maar uit en hoop ander vergeet daarvan?

Is ek betroubaar by my werk, of neem ek ook maar so af en toe ‘n skryfbehoefte, of tyd, of ander materiaal? Is ek betroubaar as landsburger, of klim ek ook op die soustrein om mildelik te geniet aan dit wat na my kant toe kom? Is ek betroubaar in my geloof, of praat ek een ding en doen ‘n ander? Kan ek deur betroubaarheid ‘n verskil in die kleine maak? Want dan maak ek indirek ook ‘n verskil in die groot dinge!

Onthou: *Selfs klein leuens kan betroubaarheid verwoes.*

Radiothon 2016 & Dankdiens

“ N$ 3,533,193.50 - Radiothon 2016 ”

Kanaal 7 se 22ste Radiothon het afgeskop op 26 Julie 2016.

Ons wil ieder en elk bedank, elke besigheid instansie, senderkomitee-lid, personeellid en individu wat soveel ingesit het om die jaar se Radiothon ‘n sukses te maak.

Ons het Saterdagmiddag afgesluit met ’n totaal van N$ 3,533,193.50

Ons kan nie genoeg dankie sê vir elke donasie en veilingsitem nie. Ons grootste dank gaan natuurlik aan ons Koning Jesus Christus wat ons steeds elke jaar ryklik seën.

Net nadat almal goed uitgerus het na afloop van die Radiothon het die Radiothon Dankdiens plaasgevind op 7 Augustus by die NG kerk Windhoek Wes met Willie en Natascha Joubert as gaskunstenaars. Dit was weer ’n glans geleentheid soos min.

Finale Radiothon 2016 Uitslae

Aranos	83,859.00
Soutblok	62,640.0
Aroab	105,000.00
Gobabis	132,449.50
Grootfontein	242,472.00
Hentiesbaai	139,420.00
Kamanjab	40,000.00
Karasburg	85,000.00
Keetmanshoop	70,000.00
Koës	66,189.00
Leonardville	311,876.00
Lüderitz	57,000.00
Maltahöhe	52,283.00
Mariental	136,704.00
Okahandja	170,000.00
Oranjemund	43,000.00
Oshakati	63,550.00
Otavi	11,300.00
Otjiwarongo	203,000.00
Outjo	106,832.00
Rosh Pinah	73,236.00
Rundu	170,000.00
Swakopmund	150,583.00
Tsumeb	67,609.00
Walvisbaai	180,000.00
Windhoek	709,191.00
Totaal:	N$ 3,533,193.50

.

“Nou wys ek julle wat nog die allerbeste is: Al praat ek die tale van mense en engele, maar ek het geen liefde nie, het ek 'n stuk klinkende metaal, 'n galmende simbaal geword.”

1 Korintiërs 13:1

Uit die Bemarking Kantoor

Henry Ford het gesê die man wat ophou adverteer om geld te spaar, is soos die man wat die horlosie stop om tyd te bespaar.

Hoekom moet jy op Kanaal 7 adverteer?

Kanaal 7 bereik meer as 43 dorpe op 35 FM senders landwyd en is ook nou beskikbaar op DStv se audio kanaal 825 en GOtv kanaal 303. Kanaal 7 bied elke besigheid, klein of groot, die geleentheid om jou teikenmark te bereik volgens jou begroting.

‘n Suksesvolle radioveldtog bestaan uit ‘n kommersiële flits wat vir meer as een keer per dag uitgesaai word, in teenstelling met een of twee keer per week. ‘n Kommersiële radio advertensie moet verskeie kere gehoor geword voordat dit insink by die luisteraar. Sou jy jou kommersiële flits net een keer per week vir ‘n maand lank skeduleer, sal dit nie voldoende wees om jou teikengehoor te bereik nie. Kanaal 7 se ervare bemarkingspan sal jou help met die regte keuse van programme en tydgleuwe om die beste waarde uit jou produk en bemarkingsveldtog te verkry.

Sorg dat jou advertensie in die kol is! Kanaal 7 kan jou help met die vervaardiging van ‘n radio advertensie. Navorsing toon dat ‘n luisteraar eers ‘n paar keer na ‘n advertensie moet luister om te verstaan waaroor dit gaan. Jou advertensie moet dus uitstaan bo die res. Onthou, radio is die teater van die gedagte. Jou advertensie se sukses hang af van duidelike inligting, spraak en klank wat jou besigheid se naam in die geheue van die luisteraar ets.

Kontak die Bemarkingsafdeling van Kanaal 7 in Windhoek by 420-850 of stuur ‘n epos aan tresa@k7.com.na
“Gryp jou verbruikers aan die oor, en hul harte en gedagtes sal volg!” Lyndon B. Johnson

Sosiale Media

Ons is baie opgewonde om die nuwe jeug-stasie Connected Rhythm bekend te stel en sal vanaf 3 September op die lug wees.

Klik op die logo om te luister.

Deel gerus die goeie nuus met al jou vriende, familie en kennisse.

Wat lê nog voor?

Vir die eerste keer in Kanaal 7 se geskiedenis is ons opgewonde oor die Sosiale Media seminaar wat in Oktober gaan plaasvind. Teen die tempo wat tegnologie en sosiale media groei moet mens so nou en dan daardie hupstoot kry om weer voor te kom en om by te bly met die moderne media. Hou ons sosiale media platforms dop en luister na Kanaal 7. Ons gaan binnekort die aap uit die mou laat oor waar hierdie seminaar gehou gaan word.

Tente vol Presente

September

Tente vol Presente saam met die Agape Kerk Windhoek
29 ,30 September & 1 Oktober 2016
Wanderers

Sosiale Media Seminaar

Oktober

Sosiale Media Seminaar saam met Japie Swanepoel
5 & 6 Oktober 2016

Loslitdag

Oktober

Kanaal 7 & NOAH Loslitdag
28 Oktober 2016

Halellujah Namibia

Oktober

In samewerking met Camp David
29 Oktober 2016

Kusuitsendings

Desember

Kusuitsendings
12 - 31 Desember 2016

Wildsveiling 2016

Kanaal 7 het saam met Namagri en Nam Stud Game die eerste wildsveiling gehou. Soos beplan het als seepglad verloop en kon potensiële kopers van 'n Impala, Wildebees, Eland, Kudu, Gemsbok en vele meer kies wat hul wil hê. Daar is steeds wild beskikbaar. Besoek gerus Nam Stud Game se Facebook-blad indien jy belangstel om 'n paar nuwe bokke te koop.

My hart!

My **"hart"** is nie net die pomp wat lewe ondersteun nie, dit verskaf ook 'n fisiese manifestasie van my denke en emosies wat bepaal wat ek doen en hoe ek reageer op eksterne gebeure. My hart kan emosies van liefde, hartseer, vreugde, woede of haat weerspieël…

Jesus beskryf dit so: ***"Waar die hart van vol is, loop die mond van oor."*** *(Matt. 12:34/Lukas 6:45)* Om my "hart" vir Jesus te gee, verteenwoordig die aanvaarding van Sy beheer in my lewe. My denke en emosies word vernuwe. Ek kry 'n "nuwe hart" wat ook my lewe verander.
Hierdie nuwe hart van my kan egter emosioneel ongesond raak, byvoorbeeld wanneer ek ongeduldig fout vind met ander, en nie my eie tekortkominge eerlik erken nie (of te wel – ***die splinter in 'n ander se oog sien, en nie die balk in my eie oog nie.*** *(Lukas 6:41/ Matt. 7:3)*

Of as ek so verbitterd raak oor onreg teenoor my, dat ek nalaat om liefde te bewys. Dis selfs moontlik om so verdiep te wees in my godsdienstigheid, dat ek nie die fisiese nood om my raaksien nie. Of om op 'n Sondag oor geloof en vertroue te praat, en Maandag deur bekommernis verswelg te word. Dis dan dat ek versigtig na my hart moet kyk en dit toets aan die volle beginsels van die nuwe lewe: ***"Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand, … en … jy moet jou naaste liefhê soos jouself."*** *(Matt. 22:39)*

"Waar die hart van vol is loop die mond van oor"

Kontak Ons

Epos: juanita@k7.com.na

Luister aanlyn: www.k7.com.na

Kontak Nommer: (061) 420 850
Faks Nommer: (061) 240 190

Posbus 20500
Windhoek
Namibië

Ara straat
Doradopark
Windhoek

Die radiostasie in diens van Jesus Christus!